Uitnodiging
SAWA Rietvallei Breiwerk projek – oorhandiging

Goeie dag

Voor jul my ‘n paar gevleulde woorde gun, nooi ek jul uit om saam met ons die oggend deur te bring met die amptelike oorhanding van ons breiwerk (slaapsokkies, musse, handskoene) ens.

Hierdie handewerk is weereens ‘n meesterstuk. Dit is werklik verblydend om te sien en die Rietvalleiers wat as gaste saam wil gaan na ons oorhandiging is meer as welkom.

Hierdie jaar gaan ons die breiwerk oorhandig by Louis Trichardt Tehuis.

- **Datum:** Vrydag 11/05/2018
- **Tyd:** 09:00 vir 09:30 stiptelik
- **Venue en aanwysings:** Louis Trichardt Tehuis, Danville Pretoria Wes
    - Ry in die ou Kerkstraat, weswaarts tot by Trans Oranje weg.
    - Draai regs in Trans Oranje Weg by die Trans Oranje Doof Stom skool, verby
    - Gaan oor die Rustenburg pad tot by die 1ste robot van Danville
    - Draai links in Ashley en ry reguit tot by Danweg by die sirkel
    - Gaan links in De Laney straat
    - 1ste straatjie is Dietlof Avenue, ry tot by T-aansluiting
    - Regs in De Villiersstraat en gaan in by die Dienssentrum Sekuriteits hek (vanaf Danweg sal jy 2 ouete huise sien. Die een links is Louis Trichard en die een regs is Van Rensburg tehuis).
- **Verversings:** Ek het met die dame ooreengekom dat die Rietvalleiers sal sorg vir sop en brood en dalk paar soetgoedjies, so vir die wat hul weg oopsien, baie dankie vir ‘n pot groentesop as donasie!
- **Agtergrond tot die Louis Trichardt tehuis:** Die eerste inwoners van Louis Trichardt Tehuis het in 1958 ingetrek, en die inrigting is in November 1958 amptelik geopen. Die tehuis kan ongeveer 80 mense akkomodeer, wat nog almal selfstandig funksioneer en bied 2 etes per dag aan die inwoners. Die inwoners is hoofsaaklik afhanklik van hul SASSA pensioen.
- **Donasies:** Enige verdere kontant donasies is welkom (betaal dit in ons bankrekening en merk as sulks), ons beplan om ook ‘n klein kospakkie op te maak vir die inwoners.
- **Laat weet asb vir my voor 27 April 2018,** wie kan bywoon en of jul ‘n pot groentesop kan saambring.

Byvoorbaat dankie aan ieder en elkeen wat so ywerig aan ons projek deelgeneem het.

Groete

Tjaart, Marietjie en Margriet